KOMMUNIKAMMA

NG KERK
KRAGGAKAMMA
ONS IS GOD SE FONTEIN VAN LIEFDE

Teks vir die week:

Heb 12 vers 1-2

Laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus, die begin en voleinder van die geloof.

SAKE VIR GEBED

Juliet McKenzie is in die hospitaal.
Irma Loots ontvang behandeling.
Martha le Roux sukkel baie met haar gesondheid.
Hartman Potgieter is in die hospitaal.

*Senior jeugkamp kom vanoggend terug van Jeffreysbaai.

* Ons gemeente het baie aktiwiteite gedurende die eerste kwartaal. Ons bid dat alles sal geskied tot eer van die Here en dat ons as die liggaam van Christus mekaar sal bystaan en liefhê.

*Bid vir al die uitdagings by Kleinskool asook vir almal wat betrokke is by die bediening daar.
*Dieselfde bid ons ook vir MTR Smit kinderoord.

*Zimbabwe gaan deur 'n baie moeilike tyd.
Dra die land en sy mense aan die Here op.
Bid vir oplossings en vrede.

*Ons oë is steeds op God gerig vir reën in die droogte geteisterde gebiede in ons land.

AANDAG DAMES

Elke vrou word uitgenooi na 'n kuieraand gevul met aangename verrassings.
Datum: Maandag 28 Januarie
Waar: Kerksaal
Tyd: 18:30
RSVP Niekie by kerkkantoor 041-3601484
Dis 'n aand van:
SMUL, SPEEL, SAMESYN 7 SPESIALE PRYSE
ViA-groete

SONDAG 20 JANUARIE 2019

08:30 Eietydse diens (ds MG van Rooyen)
09:45 Kategese vir graad 1-6. Nuwe ouers en kinders bly agter in die saal.
10:00 Klassieke diens (ds MG van Rooyen)

Teebeurt vandag: St Joseph sel
Teebeurt 27 Jan: Pronkertjie sel

Deurdankoffer - Sinodale dankoffer vir Gemeentebediening

MAANDAG 21 JANUARIE

12:45-14:00 Gebedskild in die gebedskamer.
17:30 Musiekbediening diensterrein by Asterlaan 16.
19:00 Gemeentebediening diensterrein by die gebedskamer.

DINSDAG 22 JANUARIE

17:30 Eiendomme diensterrein by die gebedskamer. Leefkerk.

MANNEBYEENKOMS VRYDAG 18 JANUARIE

05:00 by Elandré Bosch, Lilylaan 68.

SOMERSTRAND SE EERSTEJAARS VERWELKOMINGSPROGRAM IN FEBRUARIE 2019

Vir meer inligting, kontak René by 073 043 9386.

SONDAG 27 JANUARIE

Eredienste om 08:30 en 10:00.
Invul van NCLS vraelyste.

NOODSPENS

Dit is n nuwe jaar en die behoeftiges se nood is baie groot.
Ons noodspens is feitlik dolleeg, so ons vra groot asseblief vir enige nie-bederfbare produkte.
Daar is mense van ons gemeente wat persoonlik betrokke is by die behoeftige gesinne.

KERKALMANAKKE

Die groot kerkalmanakke vir persone wat verlede jaar die almanakke bestel het, is beskikbaar by die kerkkantoor.

NUWE INTREKKERS

Vul asb die groen vorm in die voorportaal in. U kan ook met die kerkkantoor kontak by tel 041-3601484 of 'n e-pos aan Anita by admin@ngkraggakamma.co.za

KATEGESE BOEKE

Graad 1-6 het boeke gekry. Die boeke kos R65-00 per boek. Indien u wil help om ons uitgawes te dek, kan u die bedrag by u kind se kategeet of kerkkantoor inbetaal.

There 4 Bedieninge bied aan :

*'n ***Kreatiewe Werkswinkel*** waar ons kaartjies van bemoediging maak vir gelowiges in die Midde-Ooste en Noord-Afrika.
Dinsdag 19 Februarie 2019 vanaf 10:00-12:00
Saterdag 23 Februarie 2019 vanaf 10:00-12:00

*Reise waar jy gelowiges wat in vervolging leef kan versterk:
Sendingreis na die Midde-Ooste en twee ***Damesbedieningsreise*** na die Midde-Ooste asook Noord-Afrika.

Kontak gerus ons kantoor by 041 360 1946 of stuur vir ons 'n e-pos na support @there4ministries.org indien jy belangstel

MAART MALLIGHEID

Oor 6 weke is dit 1 Maart en ons Maart-Malligheid gemeente konsert. Ons soek items van gemeentelede en kleingroepe. Dit sal die organisasie makliker maak as ons voor die einde van Januarie of ten minste die begin van Februarie weet watter groepe beplan om aan Maart Malligheid deel te neem, al weet hulle nog nie presies wat hulle gaan doen nie.
Maart-malligheid is 'n gemeente pretaand en dit sal lekker wees as soveel as moontlik mense betrokke is.
Die fondse wat ingesamel word, gaan vir Kleinskool Inisiatief se studiefonds. Vanjaar het ons twee kandidate wat moontlik 'n BA graad wil doen, een student is in haar tweede jaar by Dower Kollege en Nangamso wil die pastorale kursus by Word of Faith doen. Twee goeie leerders is ingeskryf by Otto du Plessis en drie by Cilliers. Ons stuur agt mense om die kinderbediening-opleiding by PE Wes te ondergaan en ongeveer tien om opleiding in werks-etiek, winkelassistent, kasregister opleiding, kantoor administrasie en basiese rekenaar vaardigheid by Sia Sebenza (Work for a Living) te doen.
Baie dankie vir julle ondersteuning.
Margita Marx (0823374336)

NCLS (National Church Live Survey) VRAELYSTE

Ons het 5 jaar gelede die vraelyste ingevul en dit is belangrik dat ons dit weer doen. Dit wys vir ons baie duidelik tendense van groei, maar ook sake wat aandag nodig het, uit. Die vraelyste sal ons gemeente baie help om ons volle potensiaal in God se Koninkryk te verwesenlik.
Die vraelyste sal op Sondag 27 Januarie tydens die eredienste ingevul word deur almal 15 jaar en ouer.
Bring asseblief 'n pen of donker potlood saam.
Indien u verkies om die lys vooraf in te vul, is die lyste by die kerkkantoor beskikbaar. Nie een van ons is lief vir die invul van vraelyste nie, maar die opname help dat ons lidmate se stemme beter hoor en dra ook by aan die bou van die toekoms van die gemeente.

LEWE IN KONTAK

NG Kerk Sherwood, Amosstraat 1, Sherwood aangebied deur **dr Francois Carr van Heart Cry SA.**
Dr Francois Carr is uitvoerende direkteur van HEART CRY SA. Hy is welbekend vir sy passie vir herlewing en 'n gewilde spreker in Afrika, Noord-Amerika, Europa, Verenigde Koninkryk en Australië. Sy bediening en veral nuutste boek en materiaal," Leef in Kontak" fokus daarop om God te verheerllik deur mense te help om God persoonlik en intiem te ervaar en om kerke en gemeenskappe te mentor op die pad na herlewing en geestelike ontwaking.
Onderwerpe:
* Wat is God se plan met en vir jou lewe?
* Hoe kan ek stilword in 'n tyd soos vandag?
*Hoe spandeer ek tyd saam met God?
* Hoe praat God vandag en kan ek sy stem hoor sodat ek daarop kan reageer?
Datum: 25-26 Januarie 2019 (Vrydagaand 18:00-21:00 (ete om 18:00)
Kostes: Gratis vir kursus en etes.
Handleiding: R40 (dankoffer word opgeneem).
Navrae en besprekings: Ds Anton van Jaarsveld 083 299 0208.

KOSTERPOS

Ons huidige koster tree aan die einde van Maart af. Aansoeke vir die kosterpos kan voor of op Vrydag 8 Februarie 2019 om 12:00 by die kerkkantoor ingehandig word of per e-pos aan kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za gestuur word. Stuur asb 'n kort motivering vir u aansoek, 'n CV en die name en kontakbesonderhede van ten minste 2 onlangse referente.
'n Koster is 'n persoon met goeie mens-, organisasie- en bestuursvaardighede en moet ook kleiner herstelwerk kan doen.

Gebruik SnapScan en betaal jou:
Dankoffer
Maandelikse Bydrae
Donasie, ens..